



Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

DIS NIE GENOEG OM NET HARDE WATER AAN TE SPREEK NIE

Verskeie onkruidodders soos glifosaat, kletodim, sekere SU's en verskeie ander word deur soutantagonisme van die spuitwater beïnvloed. Indien swak water nie aangespreek word nie, sal dit onvoldoende beheer tot gevolg hê. Daar is 'n verkeerde persepsie dat net harde water hierdie onkruidodders beïnvloed, terwyl ander katione ook nadelig is. Dit is belangrik om na alle aspekte te kyk om die werklike bedreiging wat waterkwaliteit bied, te verstaan. Ons bespreek die invloed van harde water en sekere ander katione meer deeglik hieronder.

Wat is harde water?

Die term 'hardheid' verwys na water met hoë kalsium en/of magnesium vlakke. Dit kan in die teenwoordigheid van verskeie anione soos sulfaat, chloried en bikarbonaat wees. Water wat lae vlakke van kalsium en/of magnesium bevat, word na verwys as 'sag'. Sagte water bevat egter dikwels hoë vlakke natrium, kalium, en selfs swaarmetale soos yster. Al hierdie katione is ook antagonisties teenoor sout sensitiewe onkruidodders en dit sal tot swak effektiwiteit bydra.

Die natrium kation is nie heeltemal so antagonisties soos kalsium en magnesium nie, maar dit word dikwels teen sulke hoë vlakke aangetref, daarom is dit die belangrikste kation in verskeie dele van Suid-Afrika. Swaarmetale word nie dikwels teen gevaarlike hoë vlakke aangetref nie, maar dit is uiters antagonisties teenoor sekere onkruidodders en daarom moet dit nie geïgnoreer word nie. Daarom kan sagte water net so antagonisties soos harde water wees en stappe moet geneem word om met al die antagonistiese katione te handel. Indien antagonistiese katione nie effektief geneutraliseer word nie, kan swak beheer as gevolg van verminderde opname verwag word. Die invloed van soutantagonisme is altyd meer sigbaar onder marginale toestande wanneer onkruidodder opname onderdruk word.

Vereistes vir soutbyvoegmiddels

Dit is nie goed genoeg vir soutbyvoegmiddels om net harde water antagonisme te bekamp nie.

Effektiewe soutbyvoegmiddels moet ten minste die invloed van kalsium, magnesium, natrium en kalium aanspreek. Dit behoort verder ook yster antagonisme te verminder wanneer dit in hoë vlakke aangetref word. 'n Goeie soutbyvoegmiddel behoort ook die effektiwiteit van hierdie onkruidodders te verhoog, selfs wanneer die antagonistiese ionvlakke laag is. Dit sal effektiewe en stabiele beheer verseker, of die water nou hard of sag is. Spuitgraad ammoniumsulfaat is die enigste soutbyvoegmiddel wat gepas is. Nie alle ammoniumsulfaat bronne is geskik vir byvoegmiddel gebruik nie. Net omdat 'n ammoniumsulfaat bron 21% stikstof en 24% swael bevat, beteken dit nie dat dit as spuitgraad kwalifiseer nie. Daar is 'n verskillende stel kwaliteit standaard wat bepaal of dit aanvaarbaar is om as byvoegmiddel te gebruik.

Villa se mening

Harde water is 'n belangrike antagonis van sout sensitiewe onkruidodders. Dit is egter belangrik om al die opgeloste antagonistiese ione in ag te neem wanneer hierdie gevoelige onkruidodders toegedien word. Villa onderskryf net ammoniumsulfaat bevattende byvoegmiddels om antagonistiese katione aan te spreek. Ons beveel hierdie byvoegmiddels as 'n standaard praktyk aan met al ons onkruidodders wat 'n etiket aanbeveling rakende soutantagonisme het. Water sal altyd 'n sekere hoeveelheid ammoniumsulfaat nodig hê om onkruidbeheer met gevoelige onkruidodders te verhoog, of dit nou hard of sag is.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za